

Om alleen te staan.

Teks: Josua 2: 1 - 24
Teksters: Joshua 2: 11

1. Inleiding

Dikwels neem mode 'n ongelowige of Ateïstiese standpunt in. Mense wat openlik hulle Christelike geloof verwerp en teenstaan word dikwels platvorms tot hulle standpunte gegee, en versamel soms selfs 'n klompie volgelingen. Tog is dit waar van 'n nuwe meer moderne uitkyk op die lewe nie. Ook in tradisionele kultuur gebondenheid kan daar soms dinge wat nie strook met die Christelike geloof nie. Kultuurgebruike of tradisies wat maklik afgode kan word.

En dit is ons raakpunt met Ragab vanoggend. Natuurlik is Ragab deel van 'n heidense volk. Die kultuur is om die afgode Baal, Aserja en Marduk te aanbid. Maar dan sien ons, in ons teksgedeelte dat Ragab iets anders doen. Sy herken in ons teksgedeelte vandag 'n hoër gesag. En Skynbaar doen Sy dit ook alleen op haar eie. Die gevolge van hierdie brawe stap van haar is welbekend aan ons tot vandag toe nog.

Tog is hierdie erkenning van die hoogste gesag net die eerste tree op die geloofspad. Soos ons sien is dit 'n tree wat Ragab alleen moet neem. Maar uiteindelik is dit nie 'n pad wat sy op haar eie voltooi nie. In genade is daar ander mense op hierdie geloofspad.

Maar natuurlik bring dit by ons die vraag oor ons eie geloof. Wat as my diepste geloof oortuigings juis teen hoofstroom denke ingaan? Wat as ek alleen moet opstaan vir wat reg is in die oë van die Here? Ja selfs in 'n samelewing waar die meerderheidstem gehoorsaam word? Waar lê die gesag in my lewe, by die afgode of by die Here, wat God is bo alles en almal. Kom ons raak stil voor die gesag bo alle gesag, en sien ook in genade die ander mense op ons geloofspad.

2. Gesag bo alle gesag

Wat werklik opvallend is in ons teksters is die gesagsverklaring van Ragab. Sy doen 'n ding wat waarskynlik uiters ongewild in haar samelewing sou wees. Sy koppel die hoogste gesag aan 'n Godheid wat nie deel van haar volk se tradisionele gode is nie. Met hierdie daad verklaar sy eintlik dat die Here gesag het oor die gode en die inwoners van Jerigo.

Maar wat miskien nog meer opvallend is, is die teenwoordigheid van sinsnedes uit Eksodus 4:20 en Deut 5:8 in haar verklaring. Sy verwys na die Here se gesag oor die hemel daarbo en die aarde hieronder. En ons weet dat Eksodus 4:20 en Deut 5:8 dit insluit in die tweede gebod. Juis die gebod wat handel oor die afgodsbeelde waarvoor heidense volke so lief was. Die vraag in akademiese kringe is natuurlik hoe, hierdie heidense sondares hierdie woorde so ken, wat nog van uitspreek.

Maar dan is dit juis hier waar ons die kragtige werking van die Heilige Gees sien, ja selfs hier in die Ou Testament. Hier lei die Heilige Gees hierdie heidense sondares om die waarheid van die tweede gebod te besef, en hardop te belei. Hier waar sy alleen by hierdie twee verkenners is. Tog is hierdie twee verkenners nie op hierdie oomblik haar onmiddellike risiko nie.

Nee, dit is haar eie mense wat hierdie twee verkenners soek. Dit is hulle wat haar sal doodmaak, indien hierdie twee mans gevind word. Daarom blyk dit op die kort termyn baie dom, waarmee sy besig is. En nie net dom nie, maar ook lewensgevaarlik. Maar sy weet dat lewe en dood uiteindelik ook in die hand van alle gesag lê. En daarom kies sy om juis om haar lewe te smeeek by hierdie gesag. Selfs

al sou dit beteken dat sy letterlik die enigste een in die stad is, wat bereid is om op hierdie roete te gaan.

Luister ons vandag nog na die stem van die Heilige Gees wanneer ons die gesag oor alle gesag moet bely. Of dink ons net aan die kort-termyn risiko in die werklike uitlewing van my geloof?

3. Die insluiting van my familie

Maar hierdie vrou bly nie alleen staan nie. Want sien wat in hierdie teksgedeelte gebeur, is nie dit tipiese sektariese gebruik wat ons ken nie. Dit is nie daar gedagte van los jou familie agter dat hulle maar sterwe nie, wat net jy is gered en nie hulle nie. Ons lees niks van 'n nuwe familie vir die vrou nie.

Maar dan lees ons ook nie van 'n familie vergadering waarop besluit en onderhandel word met die twee verspieders nie. Nee, hierdie vrou staan alleen by die verkenners. Maar dan pleit sy. Sy pleit soos Abraham van ouds vir Lot en Sodom pleit. Soos wat die Here Jesus Christus aan die kruis ook pleit vir die mense wat juis besig is om Hom te kruisig, wanneer Hy in Lukas 23:34 sê: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"

En dan onmiddelik sien ons die genade van die Here in hierdie gedeelte. En dit is daardie bekende verbondsgenade wat verder strek as net die individu. Want in vers 14 word die familie van Ragab ook ingesluit in die ooreenkoms wat die verkenners aangaan. Hulle lê ingesluit in die verwysing in vers 14. Almal wat saam onder die dak woon. Net soos huisgesinne in Handeling en ook in die res van die Nuwe Testament gedoop word.

Daarom neem die gelowige hierdie eerste tree in die geloof ook nie alleen nie. Want die geloof wat deur die Heilige Gees gewerk word in die gelowige, werk ook 'n behoefte aan die wil van die Here. En

liefde tot my naaste is tog duidelik die tweede groot gebod, waarna Jesus ook self verwys. Daarom van die oomblik wat ek bewus word van my redding, is daar ook behoefte dat ander mense rondom my gered word. In die genade van die verbond word dit al 'n aanvanklike werklikheid vir my huisgesin. Soos Ragab se familie saam met haar gered word, en die kan gegee word om ook die Here te dien, net so het ons en ons families ook vandag die nuwe voorreg om die Here te kan dien. Omdat ons verlos is van die ewige dood.

4. Redding wat verder strek as wat ons kan dink

Die laaste saak is 'n taktiek wat dikwels gebruik word om iemand te ontmoedig om enige goeie dinge te doen. En dit behels die idee dat jy so klein en nietig is, watter verskil kan jy maak. En dit is bekend aan ons in die geloofswêreld ook vandag. Mense verwys vinnig na hulle kleingeloof wanneer hulle genader word om 'n spesifieke taak in die kerk te verrig. Maar dink jouself in die posisie van Ragab in.

Sy is 'n vrou wat 'n sondige lewe lei vanweë haar profesie. En dan hierdie woning in die stadsmuur was waarskynlik baie meer deel van die onderdorp as die spreekwoordelike bo-dorp. Wat kan sy in die geloof verrig? Moet sy haar nie maar eerder weerhou van enige iets in die geloofswêreld nie.

Tog word hierdie Ragab een van net 4 vroue wat se name genoem word in die geslagsregister in Mattues 1. Hierdie heidense prostituut word ingesluit in die geslagsregister van ons Here, Jesus Christus. Genade wat verder sterk as wat ons kan dink of begryp.

Dit is genade wat sonder mense insluit in die verlossing van ons Here Jesus Christus. Ons het vroeër baie aandag gegee aan Families. Maar dit juis ons verlossing wat ons insluit in ons nuwe

geestelike familie. Die gemeenskap van die gelowiges in die Huis van die Here.

Amen

Met Ragab se eenvoudige geloofsdaad, en die genade wat aan haar bewys word, lewer sy 'n impak wat verder strek as wat sy ooit sou kon dink. Kom ons gaan leef vandag weer met oorgawe in die genade van die Here.

5. Slot

Ons kan afsluit vandag met 'n laaste blik op getalle en vermoë. Dit voel soms vir ons of ons paar mensies geen verskil maak nie. Ons sukkelende gemeentjie kan tog nie doen wat die megakerke met hulle duisende lidmate en onbeperkte fondse kan doen nie. Soms wanneer so min in erediens bymekaar is, voel ons maar hoekom nog probeer.

Maar dit is juis waar die woord vanoggend skerp en reguit met ons praat. Die prostituit op die rand van die samelewing, in die stadsmuur maak die verskil. Dit is deur haar wat die Here Sy doel wil bereik. Deur haar optrede kan die volk uiteindelik die boodskap hoor: "Die Here gee die hele land oor in ons mag. Al die inwoners van die land bewe van vrees vir ons."

Wat kan die Here dan nie deur my swak lewetjie bereik nie. Ek wat niks het om te bring of om te doen nie. Die Here kan deur sy almag en genade steeds my gebruik in Sy wil op hierdie aarde. Ek het die voorreg om deel te wees van Sy verlossing plan vir die uitverkiesde mense hier op aarde. Natuurlik gaan dit beteken dat ons moet opstaan vir die waarheid. En ja dit gaan jou baie ongewild maak per geleentheid. Want jy gaan alleen opstaan vir wat reg is. Dit terwyl die heidense wêreld 'n ander pad gaan loop.

Maar uiteindelik is dit die enigste ware hoeksteen waarop gemeenskappe kan gebou word. Dit is waar die redding eerstens vir my huisgesin, maar ook vir 'n breër samelewing lê. Om alleen te staan is soms werklik die moeite werd.